191.T.1(22)



# DIE PLEK VAN ONS EKONOMIESE STREWE IN DIE PATROON VAN ONS KULTUURLEWE.

Voorsittersrede gelewer op die
Bondsraad van 1956.

Daar was goeie gronde vir die U.R. se besluit dat hierdie Bondsraad aandag aan die ekonomiese strewe van die Afrikaner moet wy. Nie alleen verkeer die U.R. sterk onder die indruk van die belangrikheid van ons ekonomiese strewe i.v.m. ons kultuurlewe nie, maar verskeie afdelings het ook versoek dat meer aandag aan ons ekonomiese vraagstukke gewy word.

Daarby het die U.R. en ook sekere afdelings, besef dat ons ekonomiese strewe veral van belang is in die tyd waarin ons tans leef. Ons merk bv. op dat sekere sorgwekkende verskynsels op ekonomiese gebied onder ons volk die kop uitsteek, en ook verneem ons van gesaghebbendes dat ons vandag soms nog van beskouinge uitgaan en van metodes gebruik maak wat twintig jaar gelede wel beantwoord het, maar wat vandag uitgedien geraak het.

Ons weet egter dat ons ekonomiese strewe, hoe belangrik dit ook al is, nie die enigste betekenisvolle faktor in die kultuurlewe van ons volk is nie: dit pas by verskeie ander groot faktore in, waarmee dit saam één groot geheel vorm. Dis àl hierdie faktore saam wat die groot patroon van ons volk se kultuurlewe uitmaak. Van hierdie feit moet 'n mens jou altyd bewus bly. As jy die groot geheel uit die oog verloor en jy te veel op die een of die ander faktor daarin let, sal jy vir jouself 'n skewe voorstelling van ons volk se kultuurlewe maak.

Vir ons, as lede van die A.B., is dit noodsaaklik dat ons die hoofbestanddele in die patroon van ons kultuurlewe raaksien, dat ons sal weet wat die huidige toestand in verband daarmee is en dat ons sal begryp welke plek ons ekonomiese strewe in daardie patroon inneem.

As ons vandag na die hoofbestanddele in die patroon van ons kultuurlewe kyk en na die toestand in verband daarmee, sal ons sien dat ons groot vordering gemaak het en dat ons veel het waarvoor ons, as Afrikanervolk, die Here kan dank.

/Neem.......

Neem bv. die Afrikaner se taal. Daar was 'n tyd toe die Afrikaner wel sy taal in sy huis en in die alledaagse lewe met sy mede-Afrikaner gepraat het, maar toe hy in werklikheid nog nie geweet het dat hy 'n eie taal het nie. Hy het toe, as hy in die Kerk en biduur ernstig en waardig wou praat, Nederlands probeer praat; en hy het ook, as hy in Regeringskantoor en sitkamer fyn beskaaf wou wees, Engels gepraat. Die eerste, die gebruik van Nederlands, het by hom 'n vaste, diep ingewortelde gewoonte geword. Ons hoef nie eens baie oud te wees om te onthou hoe die eerste preke in Afrikaans nog deur baie Afrikaners as 'n soort van heiligskennis beskou is nie, en hoe jong Afrikanerkinders, wat nog geen benul van Nederlands gehad het nie, tuis en in die Sondagskole geleer is om in Nederlands te bid. Die tweede, die gebruik van Engels, is vir ons doelbewus van bo-af ingeprent: in vooraanstaande kringe in die sosiale lewe het 'n mens Engels gepraat; in minnebriewe het jy Engels geskryf; en in Regeringskantore het jy ook Engels gebruik. By sommige van ons mense het dit maar skeef en krom gegaan, maar dit was darem Engels, en daarom was dit beter as Afrikaans en ook beter as Nederlands. Die Regeringsbeleid was daarop gemik om die Afrikaner te verengels en dit kon die beste gebeur as hy hom van die Engelse taal bedien en sy eie taal vergeet of verag.

Maar die Afrikaner het hom van sy eie taal bewus begin word. Hy het weldra ontdek dat hy sy diepste, sy verhewenste en inhoudrykste gedagtes die beste in Afrikaans kan uitdruk. Hy het sy taal as sy eiendom aanvaar en dit leer liefkry en waardeer. Hy het die stryd vir die erkenning van Afrikaans aangeknoop, in Kerk en Skool en Staat, en hy het die oorwinning behaal. Hy het sy taal ook nie net gepraat nie; hy het dit ook geskryf, en in die loop van 'n geslag is 'n letterkunde opgebou wat ofskoon nog jonk en klein, deur sy tintelende, bruisende lewenskrag die bewondering van vriend en vyand afgedwing het.

Ons kyk ook na die Afrikaner se onderwys. Daar was dae toe die onderwys volkome op Engelse lees geskoei was, toe Engelse onderwysers ingevoer is en Afrikanerseuns en -dogters in die Engelse taalmedium hul onderwys ontvang het. Só ver het dit in

/dié........

dié dae gegaan dat selfs 'n vak soos Nederlandse grammatika in die Engelse taal geleer is! Die Afrikanerkind het onder die groot nadeel gebuk gegaan dat hy in sy opvoeding gedurende sy ontvanklikste jare, wanneer hy gehelp moes word om probleme die gouste en die maklikste te vat - iets wat uit die aard van die saak die beste in die leerling se moedertaal kan gebeur - eers met 'n vreemde taal as medium van sy onderwys moes worstel. Dit beteken dat die Afrikanerkind 'n dubbele taak gehad het: eers moes hy die vreemde taal van die onderwys baasraak en dan moes hy die inhoud van sy leerstof begryp. Daarteenoor het die Engelssprekende seun en dogter nie die taalmoeilikheid gehad nie en kon hulle onbelemmerd net op die inhoud van hul leerstof konsentreer. In vergelyking met die Engelssprekende kind het die Afrikanerkind dus 'n groot nadeel gehad.

Vandag het dit alles egter anders geword, dank sy die onvermoeide stryd van Afrikanerouers, Afrikaner-Kultuurorganisasies, Afrikanerkerke, Afrikaner-onderwysersverenigings en inderdaad ook van Afrikanerkinders self. Afrikaans het as voertaal van die onderwys volle erkenning gekry, en selfs in stedelike gebiede bestaan daar vandag skole met Afrikaans as voertaal, sodat die Afrikanerkind nou nie meer met die dubbele probleem in die onderwys hoef te worstel nie.

Nie net in die gewone onderwys nie, ook in die hoër onderwys het Afrikaans - en die Afrikaner - tot sy reg gekom. Die helfte van die universiteite van ons land is vandag Afrikaanse universiteite. Jong Afrikaners word daar in hul moedertaal deur gesaghebbende Afrikanergeleerdes onderrig. Jong Afrikaners ontvang daar onderwys waardeur hulle self gesaghebbendes op hul vakgebiede word. Hulle word daar geleer om oorspronklike navorsingswerk te doen en aldus bydraes van nuwe kennis op hul vakgebiede te doen, en in die atmosfeer en omgewing van die Afrikaanse universiteit met die groot verskeidenheid van faktore wat daarop inwerk, word hul persoonlikheid en karakter gevorm. Aan Afrikaanse universiteite word daar vandag vir vrywel alle studierigtinge voorsiening gemaak, selfs vir duur en hoog gespesialiseerde rigtinge soos die ingenieurswese, die geneeskunde, die tandheelkunde, die bosbou en

/die......

die landmeetkunde, sodat daar nagenoeg geen rigting meer is waarin die jong Afrikaner hom nie in sy eie moedertaal, deur sy eie leermeesters, aan sy eie universiteit, kan bekwaam nie. Hier aan ons universiteite word jong manne en vroue opgelei wat later die leiers in die samelewing word. Ons universiteite het vandag beslis een van die grootste kultuurbates van die Afrikaner geword.

Daar is ook die Afrikanerhuisgesin. Die huisgesin wat so 'n betekenisvolle krag in die lewe van 'n volk is, het gelukkig nog vir ons volk behoue gebly. In ons geskiedenis sal ons waarskynlik weinig ander kultuurkragte kry wat so 'n verreikende invloed in ons volkslewe uitgeoefen het soos ons huisgesin. In die dae van die pioniersgeslagte toe die voortbestaan van die blankedom en die behoud van die Christendom in Suid-Afrika dikwels aan 'n draadjie gehang het, was dit die huisgesin wat op die grondslag van bv. die familieband en die Gereformeerde Godsdiens, groepe mense byeen gebring en byeen gehou het. En omdat dit die kleiner groepe, die selle waaruit die volk bestaan, byeen gehou het, het dit ook die volk byeen gehou.

Dit is waar dat die eenheid van ons huisgesin vandag deur baie en ernstige faktore bedreig en ondermyn word. Maar dit is ook waar dat ons ons huisgesin vandag nog het; en dit is ook waar dat ons huisgesin vir bv. ons taal en ons letterkunde en ons onderwys vandag nog grotendeels die geestelike bodem uitmaak waarop hierdie kultuuruitinge kan voortbestaan en gedy.

Daar is ook die Afrikaner se godsdiens. Hier het ons 'n deurslaggewende kultuurkrag in die lewe van die Afrikaner. Ons godsdiens het saam met ons volk sy martelweg in Suid-Afrika geloop. Die Afrikaner het hom egter van sy godsdiens bewus gebly: op gereformeerde, Calvinistiese grondslag het hy sy eie Kerke opgebou en uitgebou. Vandag is die Afrikaner se Kerke goed en heg gevestig. Die Afrikaner se Kerk gee vir hom die geestelike tuiste wat hy so onmisbaar nodig het as hy sy koers en plig vir die toekoms nie wil byster raak nie. Die Afrikaner se Kerk het ook veel verder as die Afrikaner self gereik: die Kerk het hom veel meer as enige ander private liggaam of organisasie, die lot van die nie-blanke aangetrek om ook aan die nie-blanke die lig van die

/evangelie......

evangelie en die voordele van die onderwys te bring.

Daar is ook die staatkundige faktor in die patroon van ons kultuurlewe. Met die besonderhede van ons bestaande politieke toestande, en met verskille van mening tussen ons politieke partye, het ek hier vrede. Maar die fundamentele feit is dat die Afrikaner in staatkundige ervaring toegeneem het en dat hy 'n steeds groeiende aandeel aan die staatkundige lewe van sy land geneem het. Ons sien dat dit ook veral die Afrikaner is wat die politieke leiers vir Suid-Afrika opgelewer het, en dat dit vernaamlik onder leiding van Afrikanerstaatsmanne is dat Suid-Afrika groot en belangrike staatkundige stappe vooruit gedoen het: onafhanklike Republieke is gestig; ná die vernietiging van die Republieke is die vier geweste in die Unie van Suid-Afrika saamgevoeg; die Unie van Suid-Afrika het Dominium-status verkry, en uit Dominium-status het met die Statuut van Westminster en die Statuswette, 'n vrywel onafhanklike Suid-Afrika ontstaan.

In al hierdie stappe het die Afrikaner 'n belangrike, 'n beslissende aandeel gehad, en in die staatkundige lewe van Suid-Afrika het hy vandag 'n belangriker, 'n beslissender aandeel as ooit tevore. Afrikaners het mekaar ook meer en meer in één groot politieke party ontmoet, en deur die opkoms en oorwinning van daardie party het die Afrikaner die staatkundige bewind in Suid-Afrika in sy hande gekry. Hierdie feite toon vir ons aan dat die Afrikaner staatkundig mondig geword het en dat hy hom op die staatkundige terrein met geesdrif en oortuiging in die diens van sy land gaan stel het.

Ek noem ook nog die ekonomiese terrein. Jarelank het die Afrikaner teen armoede geworstel. Weliswaar was daar 'n klein klompie Afrikaners wat met 'n min of meer gevestigde lewe ryk geword het, maar die oorgrote meerderheid van ons volk moes hulle inspan om 'n donker wêrelddeel vir die blanke bewoonbaar te maak, 'n proses wat nie rykdom meebring nie, maar wat gedurige opoffering vra en wat mense arm maak, dikwels brandarm. Die resultaat het ons later voor ons oë gesien: byna 300,000 blanke armes, d.w.s. ongeveer een-vyfde van die destydse totaal van die Afrikanervolk.

/Ook.........

Ook dit het vandag anders geword. Ons het aanskou hoe tal van Afrikaners welvarend geword het, hoe Afrikaners op die platteland goeie inkomstes uit hul boerdery gekry het en hoe Afrikaners in dorpe en stede 'n groter aandeel aan die professies en aan die handel en nywerheid begin neem het. Daar het ook 'n groot wonderwerk plaasgevind: die kwellende, aangrypende probleem van honderde duisende blanke armes het verdwyn. Dit is wel waar dat ons kongresse en ander vergaderings gehou het en naarstiglik na weë en middele gesoek het om hierdie probleem op te los; dit is waar dat baie van die armes na die dorpe en stede gegaan het waar hulle ten gevolge van 'n ongekende toename in werksmoontlikhede nuwe middele van bestaan gevind het. Maar al is dit alles só, dan glo ons nogtans dat hier waarlik 'n wonderwerk plaasgevind het. Die probleem was só groot en ons beste poginge só nietig dat ons uit onsself tog maar niks kon doen nie. Ons glo dat niks sonder die wil van die Here gebeur nie; ons glo met vaste oortuiging dat die oplossing van hierdie groot vraagstuk die werk van God is.

In verband met die kulturele ontwikkeling waarvan ons hierbo kennis geneem het, moet ons onthou dat daar onder Afrikaners - ten spyte van voorbeelde van tydelike stryd en onenigheid in eie kring - 'n fundamentele samehorigheidsgevoel ontstaan het wat met verloop van tyd gegroei het en 'n gevoel van solidariteit geword het. Daar het die besef gekom dat Afrikaners se materiële en geestelike belange grotendeels dieselfde is; dat die Afrikaners in die bonte bevolkingsamestelling van Suid-Afrika, die vernaamste - en potensieel die invloedrykste - element is; dat Afrikaners geen ander vaderland as Suid-Afrika het nie; dat hulle op hulleself aangewese is, en dat hulle hul heil hier in Suid-Afrika moet uitwerk. Dit het hulle na mekaar toe gebring en hulle 'n doelgerigtheid en beslistheid gegee wat nie in dieselfde mate by ander bevolkingsgroepe aanwesig was nie. Só is 'n samehorigheidsgevoel geskep. By 'n blote samehorigheidsgevoel het dit egter nie gebly nie. Afrikaners het begin verstaan dat hulle nie net by mekaar hoort nie, maar dat hulle gesamentlike pligte en verantwoordelikhede het en dat hulle tot op sekere hoogte inderdaad

/gesamentlik..........

gesamentlik vir mekaar verantwoordelik is. Aldus het die samehorigheidsgevoel tot iets groters en diepers gegroei: dit het 'n solidariteitsgevoel geword.

Ons moet egter realisties wees. Ons moet daarteen waak dat ons terwyl ons oor die algemeen 'n gunstige beeld van die patroon van ons kultuurlewe kry, sommer aanneem dat dit vandag alles wel met ons is. Die feit is dat dit in werklikheid nie alles wel is nie.

Ons weet bv. dat daar vandag baie Afrikaners is wat nog nie geleer het om hulle in die openbare lewe en in die sakelewe van Afrikaans te bedien nie, en wat ook nog nie los gekom het van 'n ou, ingewortelde gewoonte om Engelse koerante bo Afrikaanse koerante te verkies nie. Ons weet ook dat ons huisgesin vandag bedreig en ondermyn word. Die ou woonhuis met sy tipiese ruim vertrekke en groot tuin, word vandag meer en meer deur die woonstel vervang wat wel 'n huis is, maar sekerlik nie die ou woonhuis se plek kan inneem nie. Die lewensduurte het vandag ook só geweldig gestyg dat dit dikwels nodig is dat sowel die vader as die moeder werk en verdien, sodat die huis en die huisgesin vir baie nie meer die warmte en vormende invloed van vroeër het nie. Daarby het nuwe verkeersmiddele en nuwe vermaaklikheidsvorme ook meegebring dat ons mense in toenemende mate buite die huisgesin getrek word.

Ons weet ook dat daar vandag nog Afrikaners is wat nie in die Afrikaansmediumskool glo nie: hulle laat hulle mislei deur die kreet van ons vyande, nl. dat die Afrikaanse skool ons van ons Engelse mede-burgers vervreem en aldus samewerking tussen die rasse belemmer. Hulle laat hulle ook liggelowiglik wysmaak dat die tweede landstaal in die Afrikaanse skool afgeskeep word, dat die Afrikaanse kind daar nie behoorlik Engels leer nie en dat sy toekoms daardeur benadeel word. Ons weet ook dat daar nog Afrikaners is wat in die sakelewe sonder die minste gegronde rede en net omdat dit by hulle gewoonte geword het, by hul mede-Afrikaner verby loop om met die nie-Afrikaanse saak te gaan handel.

Daar het ons dan nou die hoofbestanddele van die patroon van ons kultuurlewe voor ons: ons taal, ons onderwys, ons huisgesin,

/ons.........

ons Godsdiens, ons staatkundige strewe en ons ekonomiese strewe. Die beeld wat ons daarvan kry, is oor die algemeen 'n gunstige beeld, maar ons besef ook dat daar in ons eie midde nog ernstige swakhede is waarvoor ons ons oë nie mag sluit nie. Vervolgens sal ons nader op ons ekonomiese strewe moet let en sal ons moet probeer vasstel welke plek dit in hierdie algemene, groot patroon inneem.

Ons hoor soms die stelling dat geen volk - ook nie ons eie volk nie - kultureel kan floreer as hy nie ekonomies welvarend is nie. 'n Spreker het sowat tien jaar gelede in die stadsaal op Bloemfontein gesê: "Niemand kan op 'n honger maag kultuurprestasies lewer nie." Die opvatting is dat 'n gesonde kultuurlewe net moontlik is wanneer mense vrye tyd het om hulle ongestoord en ongedwonge aan kulturele arbeid te wy; en vrye tyd sal daar net wees as mense hulle nie heeldag moet inspan om die nodige te verdien om hulleself te voed en te klee nie. Met die eerste oogopslag lyk hierdie stelling volkome juis en 'n mens is ook geneig om daarmee saam te stem. Maar is dit wel heeltemal juis? Dit is die moeite werd om 'n bietjie nader daarop in te gaan.

Laat ons op die ou Joodse volk let. In die Heilige Skrif lees ons reeds van die beproewinge en armoede wat die Joodse volk moes trotseer en in die later tyd moes die Jode ook weer by herhaling in baie lande van die wêreld ernstige vervolging ondergaan en jammerlike ellende verduur. Weliswaar het baie van hulle in die meer moderne tyd ryk geword en groot invloed verkry, maar dit vorm 'n baie skrille teenstelling met die lotgevalle wat die groot meerderheid van die Jode in die eeue van hul geskiedenis getref het. Tog sien ons egter hoe die Jode ten spyte van hulle ellende en armoede dwarsdeur hul geskiedenis geheg aan mekaar gebly het; hoe hulle 'n sterk familieliefde en familietrou gehandhaaf het; hoe hulle hul taal met lokale aanpassinge behou het en nie eenvoudig die tale van hul omgewing oorgeneem het nie; hoe hulle 'n sterk nasionale trots behou het; hoe hulle aan hul godsdiens geheg gebly het; en hoe hulle ook hul sedes en gewoontes bewaar het.

Daar is ook die voorbeeld van die volk van Ierland. Die

/land.......

land van die Iere, veral die gebied van die huidige Ierse Republiek, is 'n baie arm land. As dit nie was dat die land in die reël 'n goeie oes van sy stapelproduk, nl. aartappels, oplewer nie, sou dit geensins so 'n groot bevolking kon gedra het nie. In die geskiedenis het dit ook al meermale voorgekom dat as die stapelproduk in 'n bepaalde jaar misluk, daar in daardie jaar in Ierland hongersnood heers. Ná die Middeleeue het die Ierse volk in werklikheid baie verarm. Die oorgrote gedeelte van die oppervlakte van die land het teen die begin van die negentiende eeu in die hande van sg. „absentee owners" gekom, meesal Engelse wat in Engeland gewoon het, terwyl die Iere self die houthakkers en die waterdraers van die afwesige groot grondhere geword het. En tog het hierdie selfde Iere hul taal en hul godsdiens behou en het hulle so 'n sterk nasionale trots gehandhaaf en so 'n groot politieke daadkrag getoon dat hulle o.a. met die stigting van hul eie vrye Republiek - 'n voorbeeld en besieling vir ander vryheidsliewende volke geword het.

Ons kyk ook na ons eie volk. Ons het reeds gesien hoe ons volk deur die pioniersgeslagte heen, grotendeels verarm het en hoe daar oplaas 'n groot deel van die Afrikaners was wat nie genoeg gehad het om van te lewe nie. En tog was dit hierdie selfde verarmde Afrikanervolk wat vir sy taal geveg het, sy huisgesin suiwer bewaar het, sy godsdiens gehandhaaf het en hom vir sy onderwys en sy staatkundige regte beywer het. Trouens, dit is selfs 'n vraag of ons volk as hy welvarender was, met dieselfde toewyding en deursettingsvermoë vir hierdie kulturele belange sou gestry het.

Ons hoef nie verdere voorbeelde aan te haal nie. Ons sien reeds dat dit nie sonder meer juis is om te sê dat 'n gesonde kultuurlewe net moontlik is wanneer mense welvarend is en baie vrye tyd het nie. Ons kan minstens sê dat wat die genoemde fundamentele dinge in ons eie midde betref, materiële welvaart nie 'n noodsaaklike vereiste is nie; en dit kan selfs wees dat mense wat nie welvarend is nie, hulle sterker hiervoor sal beywer as hul meer bevoorregte medemense.

/Ons......

Ons moet egter versigtig wees om nou nie weer na die ander uiterste oor te slaan en te meen dat ons ekonomiese strewe in ons kulturele patroon dus nie nodig is nie. Dit sou beslis 'n baie growwe dwaling wees. In werklikheid kom dit daarop aan met welke kultuurfaktore ons te doen het en wat ons besondere taak ten aansien van elkeen daarvan is. Dit is wanneer ons op die besonderhede hiervan let, dat ons die betekenis van ons ekonomiese strewe verstaan.

'n Hegte gesinsband en 'n gesonde familielewe is nie van ekonomiese welvaart afhanklik nie. Liefde en waardering vir die taal, onderwys en die godsdiens kan ook by volke gevind word wat onbemiddeld is. Maar ons moet goed verstaan dat ekonomiese middele in die diens van al hierdie mooi dinge gestel kan word en aldus kan help om dit van groter betekenis in die volkslewe te maak.

Dit is bv. denkbaar dat 'n hoë welvaartspeil onder 'n volk kan meebring dat meer mense hul eie huise besit en dat minder moeders genoodsaak sal wees om ook te verdien, sodat die gesinslewe aldus bevorder kan word. Al is ekonomiese welvaart nie 'n noodsaaklike voorvereiste vir liefde en waardering vir die taal, die onderwys en die godsdiens nie, spreek dit tog vanself dat ekonomiese welvaart meer fondse vir die versterking en opbou van hierdie kultuurkragte beskikbaar kan stel. As 'n volk redelik welvarend is, sal hy boeke en koerante kan bekostig en sal sy skrywers 'n bestaan kan vind; sal hy ook onderwysfasiliteite kan vermeerder, selfs waar - soos by ons - die owerheid die onderwys grotendeels bekostig; en sal so 'n volk ook sy kerklike en godsdienstige organisasies en bedrywighede kan voed en vrugbaar maak. Meer fondse sal ook beskikbaar gestel kan word vir die staatkundige organisering van die volk, sodat die volk nie tevrede sal wees om 'n politieke speelbal te wees nie, maar daartoe sal oorgaan om sy wil te laat geld, self beslissings te neem en self die verantwoordelikheid te dra. Owerigens sal ook meer fondse vir die suiwere kulturele organisasievorme van die volk gevind kan word, soos bv. - in ons geval - vir ons Kultuurverenigings, ons Skakelkomitees, die RDB., die F.A.K., en, let

/daarop.......

daarop, ook die A.B. self.

Dus: al is ekonomiese welvaart nie altyd 'n noodsaaklikheid vir die bestaan van 'n kultuurlewe nie, is dit moontlik dat ekonomiese welvaart tot versterking en bevrugting van vrywel alle kultuurkragte gebruik kan word. Veral in Suid-Afrika waar ons op die kulturele front gedurig moet stry en gedurig met voortsettingswerk moet voortgaan, kan ons ekonomiese strewe met die groter welvaart wat hy bring, vir ons 'n kragdadige hulpmiddel in die stryd wees. Ons ekonomiese strewe kan vir ons wat ons volk se kultuurkragte aanbetref, die verskil maak tussen, aan die een kant, 'n jammerlike sukkelbestaan en aan die ander kant, 'n gesonde lewenskragtige bloei.

Dan moet ons ook onthou dat daar sekere kultuurkragte is wat sonder 'n mate van ekonomiese welvaart eenvoudig nooit tot noemenswaardige bloei kan kom nie. Ons dink bv. aan die skilderkuns, die beeldhoukuns, die musiek en die drama en toneel. Ons het hierbo gesê dat dit nie sonder meer juis is om te beweer dat mense wat ekonomies baie swaar kry, nie 'n kultuurlewe kan hê nie. Ons kan egter wel sê dat mense wat ekonomies swaar kry, nooit hierdie pasgenoemde skeppende kunste tot ware en grootskaalse bloei kan bring nie. Want as die skilderkuns, die beeldhoukuns, die musiek, die drama en toneel onder 'n volk moet bloei, dan moet daar 'n redelike groot aantal lede van daardie volk wees wat nie net heeldag werk ten einde genoeg te verdien om van te leef nie, maar wat tyd en aandag vir hierdie kultuuruitinge sal hê.

Ook in hierdie verband het ons in die geskiedenis treffende voorbeelde. Die digkuns, die beeldhoukuns en die drama het onder die volke van die Klassieke Oudheid, die Grieke en die Romeine, eers tot ware, volle bloei gekom toe hierdie volke hulle nie meer om die blote bestaan moes inspan nie, maar deur die handel en industrie en deur verowering 'n redelike mate van materiële welvaart bereik het. En die Renaissance-stede van Italië, soos Florence, Pisa en Venesië het die groot bloei van die skilderkuns en die beeldhoukuns binne hul mure beleef nadat hulle in die eeue wat op die Kruistogte gevolg het, met die handel in die kosbare Oosterse ware welvarend geword het.

/Ons......

Ons volk het wel indiwiduele kunstenaars van hoogstaande gehalte op die gebied van al hierdie skeppende kunste opgelewer, maar dit bly ewewel waar dat die beoefenaars van hierdie kunste in ons eie midde nog maar 'n klein klompie is, en ook dat die getal van ons mense wat werklik waardering vir hierdie kunste het nog maar beperk is. Van 'n algemene of nasionale belangstelling en waardering is daar by ons volk nog nie sprake nie. Dit is by ons vandag beslis 'n gevoelige swakplek: na binne toe in ons eie midde, waar ons die voedende krag van hierdie kunsvorme nog grotendeels moet ontbeer; en na buite toe, teenoor die wêreld om ons heen wat groot waardering vir hierdie kunsvorme het en vir wie die Afrikaner deur prestasie op hierdie gebiede, in aansien en waarde kan styg. Dit is dus duidelik dat ons ekonomiese strewe ten aansien van kunsvorme soos die skilderkuns, die beeldhoukuns, die musiek en die drama en toneel 'n groot en positiewe bydrae kan lewer.

Laat ek ten slotte nog één belangrike punt beklemtoon. Ek het verduidelik wat ons ekonomiese strewe alles vir ons kultuurlewe <u>kan</u> beteken en watter bydrae hy in die toekoms <u>kan</u> lewer. Ek weet dat ons ekonomiese strewe in die verlede ook alreeds baie beteken het, maar ek het my hier meer met die grondslae en met die toekoms besig gehou. Die belangrike punt wat ek nou nog wil beklemtoon, is dit: Of ons ekonomiese strewe in die toekoms in ons kultuurlewe wel die betekenis gaan hê wat hy <u>kan</u> hê en wat hy ook <u>behoort</u> te hê, hang af van die gesindheid waarmee ons in ons ekonomiese strewe besiel is.

Friedrich Meinecke, een van die grootste Duitse geskiedskrywers van die moderne tyd, het éénkeer in 'n seminaarklas gesê waar ek die voorreg gehad het om aanwesig te wees: „'n Daad mag groot of klein lyk, maar dis die gesindheid wat 'n klein daad groot kan maak en 'n groot daad klein." Dis 'n ware woord hierdie wat ons ook op ons ekonomiese strewe kan toepas.

Ons ekonomiese strewe mag vir ons groot rykdom meebring en dit mag in die oë van die wêreld indrukwekkend lyk. Maar as die rykdom ter wille van die rykdom self vergader word, as die rykdom as sodanig die einddoel is en dit nie 'n doel tot iets groters is nie;

/as........

as die rykdom net weelde en gemaksug dien en nie iets blywends voed nie - dan sal die rykdom vir ons miskien nie 'n voordeel wees nie maar 'n nadeel. Dan kan wat in die oë van die wêreld groot en indrukwekkend lyk, in werklikheid klein en onbeduidend wees. Dan kan die rykdom miskien selfs ons ondergang beteken. Het die trotse Romeinse Ryk dan nie ondergegaan toe die Romeinse volk hulle aan weelde en gemaksug oorgegee het nie? Het die Spaanse glorie dan nie verdwyn toe groot skatte van goud en silwer uit die Spaanse besittinge vir Meksiko en Suid-Amerika, Spanje binne gevloei het nie? En het die son van die ou Portugal dan nie ondergegaan toe Portugal deur sy rykdomme uit Oos-Indië, die rykste land van Europa geword het nie?

Aan die ander kant: as rykdom nie ter wille van homself gesoek word nie; as rykdom byeen gebring word met die doel om daardeur iets goeds en iets groots te doen; as rykdom gebruik word om dienste van blywende aard aan die hoogste belange van ons volk te lewer - as dit die gesindheid agter ons ekonomiese strewe is, dan sal ons daarmee werklik 'n groot daad vir ons volk doen. En dan sal selfs 'n klein daadjie selfs 'n kinderkonsertjie ter stywing van die fondse van 'n Kultuurvereniging, of die voorsiening van 'n bietjie middag-voedsel vir minder-gegoedes, in werklikheid 'n groot daad wees. Fondse moet byeen gebring word en moet gebruik word, nie om persoonlike rykdom en persoonlike gemak te vergroot nie, maar om andere gelukkig te maak en om die kultuurlewe van ons volk te verryk. Dit moet die gesindheid agter ons ekonomiese strewe wees.

Hier is vandag verskeie van ons vooraanstaande Afrikaanse sakemanne aanwesig en hier is ook 'n hele aantal amptenare van Afrikaanse ondernemings. Hulle moet vir hulleself uitmaak met watter gesindheid hulle vandag in ons ekonomiese strewe werksaam is. Dit weet ons egter: ofskoon daar vandag nog tal van ons Afrikaners is by wie, in hul materiële sake die kulturele belange van die Afrikanerdom geen oorweging geniet nie, is daar ook baie ander by wie die gesindheid van volksbelang 'n kragtige dryfveer is. Ons is dankbaar vir Afrikaner-sake-ondernemings wat deur hul optrede teenoor hul werknemers, deur hul bydraes vir Afrikaanse kultuursake

/en........

en deur hul wakkere, versiende ondernemingsgees, aktief besig is om nie rykdom ter wille van rykdom te soek nie, maar om die blywende belange van die Afrikanervolk te dien. Dit is hulle wat die skyf word van vernynige, volksvyandige boikot, maar laat ons as Afrikaners dan des te getrouer by hulle staan. Laat ons aan hulle toon dat ons saam met hulle glo in hul beleid, nl. dat 'n skenking vir 'n goeie Afrikaner-kultuursaak wel 'n bietjie minder dividend vir jou aandeelhouers tot gevolg het, maar dat dit 'n skone belegging, 'n gewaardeerde bate vir die toekoms van jou volk beteken en aldus tog ook per slot van rekening weer blywend tot voordeel van jou aandeelhouers strek.

Hiermee het ons nou min of meer die terrein van ons onderwerp gedek. Laat ons ons vernaamste gevolgtrekkinge net weer kortliks stel. Ons het die kultuurlewe van ons volk as 'n patroon gesien, 'n patroon waarin ons hoofbestanddele vind soos ons taal, ons onderwys, ons huisgesin, ons godsdiens, ons staatkundige aktiviteite en ons ekonomiese strewe; en ons het in hierdie patroon ook sekere swakhede opgemerk. Wat meer bepaald ons ekonomiese strewe betref, het ons gevind dat dit wel nie 'n noodsaaklike voorvereiste vir die bestaan van ons kultuurlewe is nie, maar dat dit wel 'n noodsaaklike vereiste is om ons kultuurlewe te aktiveer en tot ware bloei te bring. Ons het ook gevind dat in ons besondere geval, waar ons gedurig 'n verbete kultuurstryd moet stry, 'n suksesvolle ekonomiese strewe 'n magtige hulpmiddel in ons stryd is. Ons het ten slotte vasgestel dat die regte gesindheid in ons ekonomiese strewe noodsaaklik is: ons ekonomiese strewe mag nie van die res van die patroon van ons kultuurlewe losgemaak word nie; dit mag nie ter wille van homself bestaan nie, maar dit moet voortdurend in die diens van die volk staan. Dit moet help om dié swakhede uit te wis wat daar nog in ons midde is, en dit moet help om ons in ons kultuurstryd daadkrag en slaankrag vir die toekoms te gee.

Dit is die hoofpunte wat ek aan U wou stel. Mag ons A.B. steeds vreesloos en koersvas bou aan die patroon van ons kultuurlewe wat ons voor ons sien. Mag ons A.B. veral ook help om by ons mense die regte gesindheid in ons kultuurlewe aan te kweek en te

/behou........

behou. Mag ons A.B. egter bowenal besef dat, hoe ons ons ook al toewy en hoe ons ons ook al inspan, ons steeds in ons menslike swakheid arbei. Mag ons A.B. weet en glo dat selfs ons beste pogings nog niks verwag as ons nie ons lig en ons krag in kinderlike opregtheid by die Here gaan soek nie.

-------------------